



Sondag, 26 April 2020
Tweede Sondag na Paasfees

Hoop wat die sinneloosheid van lyding onttron...

*Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is.
(1Petrus 1:6-7a & 8-9)*

Watter sin het 'n veilige hawe eendag as my boot sink op pad daarheen? Watter sin het dit om uit te sien na 'n vreugdevolle en heerlike toekoms, terwyl my geloof wankel te midde van hierdie nagmerrie waaruit ek net nie kan wakker word nie? As ons nie antwoorde op hierdie vrae kan vind nie, watter troos het ons dan? Watter hoop het ons dan om aan die wêreld te bied? Petrus gebruik die woord “vreemdelinge” wanneer hy die gelowiges, die kerk van die Here Jesus in die wêreld identifiseer. In die konteks van die gemeentes wat die eerste lesers van die brief was, het “vreemdelinge” hulle ervaring akkuraat beskryf. Hierdie klein gemeentes het geleef te midde van 'n ongelowige samelewing, dus wanneer hulle vreemd gelyk het wanneer hulle bid, of liefhet of barmhartig was, was dit presies dit – vreemdelinge in die wêreld waar hulle leef. Maar hulle is ook soos vreemdelinge behandel: diskriminasie, vreemdelinge haat, onreg, valse beskuldigings, beledigings en die dood was deel van hulle bestaan. Dan herinner Petrus hulle dat al hierdie belewenisse bevestig dat hulle 'n erfdeel het wat veilig bewaar word. Hulle het 'n ander permanente adres – hulle vreemdelingskap is eintlik kosbaar.

Steeds moet hulle hier met hoop leef op pad na die wederkoms van Jesus. Petrus begin hierdie brief met 'n herhaling van die Paasgebeure. Byna elkeen van die mense wat naby aan Jesus geleef het, het hierdie totale magteloosheid beleef daardie Paasnaweek en hulle elkeen het uiteindelik die heerlijkheid beleef van die opstanding van Jesus. So is die beeld wat Luk. 24 skets van die volgelingen van Jesus op pad terug na Emmaus, 'n prentjie van verslaenheid. Hulle hoop is dood. En dan, op hierdie pad, gee die Here Jesus vir hulle betekenis aan die lyding en bitterheid wat hulle daar beleef het en onmiddellik kom die hoop weer terug. Lyding is vernietigend, alleen as dit vir ons voel asof daar geen betekenis daarin te vind is nie. God gee betekenis wanneer ons met geloof kan sien dat Hy betrokke is, selfs deur en in ons lyding, daarom sal ek altyd hoop hê. - Ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais. Ons wil graag as gemeente die reëls vir die inperking eerbiedig en so ook ons deel bydrae tot die gesond bly van ons mense en ons stad en daarom word vanoggend se erediens tuis opgeneem en via ons webblad, op Facebook en op YouTube na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

LITURGIE

- Votum:** Kom laat ons almal vrolik voor God die Here sing!
Laat heel die aarde juigend aan Jesus hulde bring!
Ons Heiland is oorwinnaar, Christus is oorwinnaar,
Hy het waarlik opgestaan! (Liedboek 423:1)
- Seëngroet:** Aan die uitverkorenes van God, vreemdelinge in die wêreld, wat
verspreid woon oor die hele wêreld...
Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees.
- Gebed:** Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar.
(Ps. 119:18)
- Skriflesing:** 1 Petrus 1:3-9
- Tema:** Hoop wat die sinneloosheid van lyding onttron...
- Oordenking**
- 1) Van verslaenheid na die geboorte van hoop...
 - 2) Van twyfel na geloof wat die toets deurstaan...
 - 3) Van sinnelose lyding tot saligheid...
- Gebed:**
- Seënbede:** God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus
Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n
kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en
standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid!
Vrede vir julle almal wat in Christus is! Amen.
(1Petrus 5:10-11&14)

Ons opregte dank aan almal wat betrokke was by die aanbieding, opname en redigering van die erediens; die gereed maak van die Fokus; die plasing op die webwerf van die gemeente en die verspreiding van die skakel na die gemeente en verder.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Dit is juis vir 'n tyd soos hierdie dat gelowiges aan mekaar verbind is deur die gemeente se lewe en hoewel die kerkgebou dalk nie vanoggend oop is nie, is die kerk van die Here Jesus in elke huis se sitkamer en elke hospitaalsaal, op elke rybaan en by elke supermarktoonbank waar gelowiges leef, werk en aanbid. Al sien ons mekaar nie is dit steeds ons taak om een te wees in gebed, in meelewing, ondersteuning en barmhartigheid.

Vanoggend wil ons geluk sê aan almal wat vandag en in hierdie week verjaar:

26 April	Silma Erasmus, Keano Vance, Kaylin Viljoen en Nadiha Visser.
27 April	Jan Vermeulen, Lee-Anne van der Merwe, Morné Botha en Milan Kruger.
28 April	Brian Grimbeek.
29 April	Celia Vermaak en Louise Cilliers.
30 April	Johan le Roux en Amoré Maree.
01 Mei	Talana Schoeman.
02 Mei	Lientjie du Plessis, Riaan Pietersen.

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Mariann Janse van Rensburg (Oliewenlaan 21 Noorderbloem, wyk 17); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Anna van der Westhuizen (Crystal Rocks 7, wyk 18a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussonia hof 8, wyk 20b).

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

Die spreekwoord lui... "Waar daar lewe is...is daar hoop". Gelowiges se spreekwoord lui egter... "Waar daar HOOP is...is daar LEWE!". Dit is ons taak en ons roeping, om lewe te bring deur ware hoop te gee. Dit is die een ding wat die wêreld nie kan gee nie en daarom is dit ons as kinders van die lewende Here se geleentheid om hierdie hoop so te leef dat mense die Lewe kan vind. Dink mooi oor wat jy sê, wat jy skryf op sosiale media en wat jy versprei want as dit nie getuig van die hoop wat in ons lewe nie verbeur jy 'n geleentheid om 'n getuie te wees. Mag die Here jou in hierdie week seën met geleenthede om hoop te gee.

As kerkraad gee ons die volgende reëlings deur:

1) Die eredienste sal, as die Here wil voortgaan op Sondag 3 Mei 2020. Ds. Jan Lubbe sal die erediens waarneem. Presies in watter formaat die erediens sal plaasvind is nog onseker omdat daar nog nie duidelike riglyne is vir die tydperk na inperking nie. Indien byeenkomste steeds buite perke is, sal die eredienste steeds opgeneem word en per epos of via ons webblad, *Facebook*, *YouTube* en op u selfoon (via WhatsApp) aangestuur word.

Wat die kategeese en ander kleingroepbyeenkomste, soos Bybelstudies betref, sal die Bestuursraad volgende week meer inligting aan die gemeente kommunikeer.

2) Neem asb. kennis dat ds. Jan Lubbe 'n tydjie met verlof sal wees tot **26 April 2020**. Ons as gemeente gun hom die tydjie van rus en verkwikking na 'n kwartaal wat besondere uitdagings meegebring het.

(Kontak gerus vir ds. Johan Marais vir enige dringende sake (084 517 8052).

3) Ons herinner u om asseblief u kerkraadslid of die leraars in kennis te stel van enige bekommernisse, siekte, hospitalisasie of nood. Kom ons help mekaar om werklik kerk van die Here Jesus te wees in hierdie tyd van inperking.

4) Baie dankie aan die lidmate van Berg-en-Dal wat betrokke is by die smeer van brode wat versprei word in woonbuurte waar daar daar groot nood is.

4) Ons bring weer die behoefte aan komberse vir haweloses onder u aandag. Ons versoek lidmate om wanneer jy in die komende week jou noodsaaklike kruideniers by Pick & Pay Preller gaan kry, 'n kombers wat jy kan afstaan saam te neem en in die houer by die ingang te plaas – ons neem dit na Tweetoringkerk en hul versprei dit verder.

5) Berg-en-Dal gemeente wil graag voortgaan om op soveel terreine as moontlik ons getuienis uit te leef en ons bediening voort te sit. Baie dankie dat u dit moontlik maak deur u getrouheid ten opsigte van die oorbetaal van dankoffers in hierdie tyd wat vir soveel mense moeilik is. Ons kon reeds as gemeente op baie terreine 'n verskil maak. Ons besef almal begin die finansiële impak van hierdie gebeure voel – tóg wil ons vra dat jul aan Berg-en-Dal ook sal dink, en jou **eredienskollekte** en **dankofferbydrae** na ons bankrekening sal oorbetaal. Die besonderhede is:

NGK Berg-en-Dal by ABSA Tjekrek. 470-580-011

Op berge en in dale - oral voor Gods aangesig.